Jim van Tonderskool

FONDSINSAMELINGSNR.: 02 200587 000 0

Tel.: 017 647 2606
017 647 5987
Faks/Fax: 017 647 5988
Webblad/Webpage: jimvantonder.co.za
E-pos/E-mail: jimvantonderskool@worldonline.co.za

Alle korrespondensie moet gerig word aan:
All correspondence must be addressed to:

DIE HOOF / THE PRINCIPAL
Jim van Tonderskool
Privaatsak/Private Bag X1007
BETHAL, 2310

22 Junie 2018
6 van 2018

Geagte Ouers / Voogde

Graag wil ons die volgende onder u aandag bring:

1. BELANGRIKE DATUMS

17 Julie	Skole open
25 Julie	Bloedskenk
25 Julie	Sokker Platorand : Seuns weg - Dogters tuis

2. LEERDERAKTIWITEITE

Baie geluk aan al ons leerders wat gedurende die Tweede kwartaal so mooi presteer het. Ons is baie trots op julle.

2.1 "SUPER KIDS"

Die volgende leerders is as "Super Kids" vir die Tweede Kwartaal 2018, aangewys.

Skool Junior O1	Michala Janse van Rensburg	1A
Skool Junior O2 – Jaar1	Blessing Mthethwa	3B
Skool Senior Jaar 2 – 4	Nadine Bosman	12B
VLR	Damion du Plessis	11A
Koshuisdogter	Dimpho Mbevu	10A
Koshuisseun	Thulani Sibeko	15B

2.2 PUMA-SOKKER

Die volgende spelers is in die Puma-Sokkerspanne opgeneem, en neem vanaf 6-15 Julie 2018 aan die Nasionale Kampioenskappe te Durban deel.

DOGTERS O/19	SEUNS O/19
Sesi Lukhele	Nkanyiso Mkhwebane
Letitia Mlangeni	Mlondi Sithole
Luyanda Sithole	
Thembelihle Malinga	
Hlengiwe Nkosi	
Angel Ncala	
Buhle Khumalo	
Zinhle Zwane	
Dimpho Phaladi	

2.3 PUMA-RUGBY

Die volgende spelers is in die Puma-Rugbyspan opgeneem, en gaan vanaf 24-28 Junie 2018 aan die LSOB-Cravenweek te Vanderbijlpark deelneem.

JP van Wyk	Siyabonga Nhlabathi	Ruan Geirnaert
Maxwell Nkosi	Sthabiso Stokela	Lethu Maseko
Stephan Slabberts	Nicole Kubayi	Sibusiso Maseko
Shaun Friend		

2.4 WINTERSPORTUITSLAE

Rugby

Die volgende rugbyspanne is Liga-wenners: O/14, O/15, 2de-span en 1ste-span.

Die 1ste-span het in die Noordvaalreeks vir Spesiale Skole gelykop gespeel teen Hoërskool Die Wilge van Noordwes, en deel daarom die Noordvaaltrofee.

Netbal

Die Netbal se liga-uitslae is soos volg:

Senior	A - 2de
Senior	B – Ligawenners
O/15	Derde
O/14	Derde

Geluk aan al die afrigters en spelers vir julle pragtige sportuitslae.

2.5 KUNSTEFEES 2018

Vanaf 2018 gaan die Spesiale skole van Mpumalanga aan die Mpumalanga Kunstefees deelneem, en nie meer aan die Gauteng se "Eisteddfod" nie.

Die eerste Mpumalanga LSOB-Kunstefees vind plaas op Donderdag, 13 September 2018, te George Hofmeyr Standerton.

Leerders het alreeds by die verskillende items ingeskryf en oudisies is afgehandel. Leerders wat ingeskryf het vir voorgeskrewe poësie, het hulle gedigte ontvang. Ons vra dat hulle dit asseblief gedurende die vakansie sal aanleer.

Vanaf die Derde Kwartaal sal Kunstefees-oefening op Maandae en Dinsdae na skool plaasvind. Vir die dagskoliere wat van skoolbusvervoer gebruik maak, sal daar vervoer terug wees.

By voorbaat dankie aan al die leerders en afrigters se positiewe gesindheid aangaande oefening en deelname.

2.6 SKOOLREKENINGE

U kind het vandag 'n skoolrekening ontvang. Maak asb. seker dat u dit by hom/haar kry. Bestudeer dit deeglik. Ons versoek u vriendelik, dog dringend om enige agterstallige skoolgelde te vereffen.

Ons sal maandeliks ook die rekening per sms en/of e-pos uitstuur. Maak asb seker dat u telefoonnommer en e-pos adres korrek is op ons stelsel.

Agterstallige skoolgeld is 'n groot probleem en oorhandigings sal **beslis plaasvind einde Oktober 2018.**

Baie dankie aan die ouers wat op datum is en gereeld skoolgelde betaal.

Die uwe,

MM Krüger

MEV M KRÜGER
HOOF